

**CACHET
APTEEK**

U Plus Aptek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te
dien, klein genoeg om
u te ken

die WAPAD

IN U LIG SIEN ONS DIE LIG

AMPELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.



PUKKEI
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
**Johan
Classen
Broers**

JAARGANG XXXVI

NOMMER 3

13 FEBRUARIE 1981

Teologie

ALTESAAM 67 studente het hulle vanjaar by die Teologiese Skool ingeskryf teenoor die 59 van verlede jaar.

Twee van die 67 studente is dames. Hulle is egter meer teoreties toegespits aangesien 'n dame nie preke mag lewer nie.

Sedert verlede jaar het daar ook 'n nagraadse student wat aan die NG-Kerk behoort by die fakulteit ingeskryf.

Studente toon beter samewerking

Mnr Bütow, studente-adviseur van kulturaangeleenthede en mnr Wessels, tegniese bestuurder van die Puk se auditorium, wil die Pukke van harte gelukwens met hulle gedrag in die auditorium tydens die afgelope oriënteringsaktiwiteite wat daar plaasgevind het.

Vergeleke met vorige jare, en veral verlede jaar, was die leë auditorium ná al die gewoel 'n lus vir die oog. Daar moes hard gesoek word om 'n papiertjie êrens onder 'n stoel te vind. Verlede jaar het die plek soos 'n varkhok gelyk, met kougom wat onderaan die stoele geplak is en koeldrankblikkies die hele wêreld vol.

Binne

- Simfonie-orkes in auditorium — p 2
- PU het genoeg beurse — p 3
- Onweloweglike optredes in auditorium moeilik om te keer — p 4
- Akademiese Raad se klasverteenvoordigingsstelsel wil tweerigting-kommunikasie tussen student en dosent skep — p 5
- SUCU verander sy strategie — p 5
- Oriënteringsfoto's - p 7
- SAU-uitslae: Pukke presteer — p 8

Nuuswenke

Algemene Nuus: Petro Malan, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Koshuis/Sosiaal: Zeld Nel, Wag-'n-Bietjie, Tel 4278.
Interuniversitêr: Marietjie Potgieter, Kasteel, Tel 5316.
Sport: Griet Gräbe, Kuns: Johan Myburg, Tel 6668.

Saktyd
Maandag 13h00



● Aggressief, maar kieskeurig wie hy takel. Dave Viking van Engeland wat tydens Karnaval teen Jan Wilkens stoei, is hier saam met Berna Jersich. Berna is 'n oud-Puk wat Beeldende Kuns hier studeer. Dave Viking veg Donderdagaand 19 Februarie om 17h30 in die Amfiteater teen Jan Wilkens. Drie voorgevegte sal ook plaasvind.
(Foto: Die Transvaler)

Gesinskarakter bevorder deur Karnavalplaas

— Petro Malan —

DIE karnavalplaas is 'n baie goeie idee om karnaval op 'n sentrale punt te hou. Daardeur sentreer jy die massa en massa ontspanning wat 'n belangrike deel van karnaval is. Die biertuin kan ook beter beheer word. Dit is die mening van Christo Scholtz, SSR-lid vir karnaval.

Rudolph Burger, karnavalvoorsitter vir 1981, sê 'n ware Puk wat nie deel het aan die interessante en vol program nie, doen homself 'n onreg aan.

Die karnavalkomitee het aksies na 'n sentrale punt verskuif, na 'n aanbeveling van die Beheerraad van die universiteit. Op die manier is die karnavalplaas gebore.

Daar is baie moeite gedoen om die program so interessant as moontlik te maak, juis omdat dit 'n nuwe idee is.

Dr Jan van den Berg, president van karnaval, sê die karnavalplaas spruit voort uit verslae wat verlede jaar deur die uitgetrede karnavalkomitee, huisvaders en die direkteur van die studenteburo opgestel is.

Daar is twee alternatiewe gestel. Die eerste is dat die opening van die karnavalplaas vervroeg moet word met komplikasies soos geen vlotbou aksies by koshuise nie. Die tweede is dat die karnavalplaas eers Donderdagaand open, maar dat daar wel komponente van die vlot by die koshuise ge-

bou mag word.

Die tweede alternatief is aanvaar met die voorwaarde dat aksies op stiptelike wyse moet geskied. Die akademiese atmosfeer mag nie versteur word nie.

Prof Tjaart van der Walt sê die universiteit is 'n akademiese inrigting waar dit om akademiese prioriteite gaan. Daar moet 'n akademiese atmosfeer in en om koshuise heers. Die ou bedeling van karnaval was nie bevorderlik vir die akademie nie.

'n Groot aantal studente het tydens vlotbou-aksies by koshuise onder oorverdovende musiek saamgetrek. Dames en mans het mekaar se koshuise betree en talle kompetisies soos sang, orkes en trapkarwedrenne was nie bevorderlik vir die akademie nie. Daar was 'n gees van jolyt en niksdoen.

Massadronkenskap in en om die studentesentrum het voorgekom, wat verder deur die biertuin bevorder is. Die geesvang aksies is oorbeklemtoon.

Die studentesentrum en geboue is beskadig en meublement is verwyder. Permissiewe gedrag tydens aksies het nie die Christelike karakter van die universiteit uitgedra nie. Sluitings-tye van dameskoshuise en die hoeveelheid en aard van aksies is nie nagekom nie. Die feit dat manskoshuise weinig reëls het, skep

probleme by dameskoshuise.

Baie studente gebruik die geleentheid vir lawaaimakery, drankmisbruik, en dans. Die aksies het 'n duur onderneming geword. Daar is onvoldoende beheer en gebrek aan bouterreine, byvoorbeeld Oosterhof. Die lawaai steur die publiek en die akademiese atmosfeer.

Die karnavalprogram was oorlaai met aksies wat gelyktydig op verskillende

plekke plaasgevind het. Al die aksies het nie gestrook met die doelstellings van karnaval nie.

Die trapkarwedren lok groot getalle toeskouers wat moeilik beheerbaar is. Die studentesentrum is bemors en beskadig.

Die plante en tuine in en om die studentesentrum is verniel. Meublement is uit die studentesentrum verwyder en beskadig. Danskennissgewings het op die pilare verskyn en die spuitfontein is met 'n rooi waterverfmengsel besoedel. Die

Vervolg op p 3

Eerstejaars benoud na ontvoerings

— Lynn Pretorius —

"DIT kan net die wit kommando wees", het Kobie Smit, 'n eerstejaars in Makoulei gedink toe hy Donderdag 5 Februarie deur die ontevrede seniors ontvoer is.

Die gyselaars het oor die algemeen nie geweet wat om hulle aangaan nie. Aubrey Green van Liberalia het net vir sy maat geskreu dat hierdie mense mal is en dat hulle moet padgee.

Die eerstejaars (dore en drake) is op verskeie plekke gedurende die loop van die oggend gevang. Die meeste drake is in die Sentrale Eetsaal gevang en 'n paar by die parkeerterrein tussen die Studentesentrum en die Natuurwetenskap-geboue. Kobus Kotze is op die

Bult gevang net voordat hy sy ma by die poskantoor wou bel.

Arthur Olivier, Piet Fourie en Polisieman Coetzee het die hele ontvoering en die klug in die amfiteater gereël. Hulle het gepoog om die ervaring vir die gyselaars so lekker as moontlik te maak en dit moes 'n gebeurtenis wees wat hulle so lank moontlik sal onthou.

Die dore en drake wat ontvoer is, was natuurlik hoog in hul skik dat hulle Donderdagaand se oriënteringsprogram misgeloop het. Die eerstejaars voel dat hulle na dese almal ware Pukke sal wees en 'n baie hegte eenheid met mekaar sal vorm. Die Puk het gees en as dinge só gaan, sal hulle trots wees om ware Pukke genoem te word.

Kerkisme is nie 'n faktor

"AS 'Dopper' sou beteken om alles konsekwent uit die Bybel te leer, is dit goed", het die rektor, prof Tjaart van der Walt, gesê.

In 'n onderhoud het prof Van der Walt geantwoord

op die beskouing van die PUK as 'n sogenaamde "dopperuniversiteit". Die dopperbenaming is volgens hom waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die Puk as 'n teologiese skool ontstaan het. Daarbenevens het die universiteit ook 'n Christelike karakter.

Prof Van der Walt beklemtoon egter dat die Puk nie 'n kerkuniversiteit is nie. Volgens hom speel kerkisme nie 'n belangrike rol nie en is die toestand op die Puk wat dit betref, baie gesond. So byvoorbeeld speel kerkisme geen rol in SSR-verkiesings nie. SSR-lede moet egter 'n meelewende kerklewe lei.

Prof Van der Walt sê dat onder "doppers" ook "Nederdoppers" verstaan moet word. Ongeveer 60% van die Pukstudente behoort aan die NG Kerk teenoor 28% Gereformeerdes en 12% Hervormdes.

Prof Van der Walt spreek hom sterk uit teen kerkisme en sê dat studente van verskillende kerke mekaar moet respekteer.

Beeldende Kunste

Letterkunde

Musiek

Teater

Simfonie-orkester in ouditorium



DIE Nasionale Simfonie-orkes bied in samewerking met die SAUK 'n konsert in die ouditorium van die Studentesentrum aan. Die konsert vind op 26 Februarie 1981 plaas.

Die dirigent wat by die geleent-

heid sal optree, is Bruno Aprea. Die solis is Anton Nel.

Die werke wat tydens die konsert uitgevoer sal word, is die liefdestoneel uit Romeo en Juliet van Berlioz, die Klavierkonsert no. 1 van Rachmaninoff en as hoofwerk die Simfonie no. 6 op. 68 in F-majeur (Pastoraal) van Beethoven.

Kaartjies is teen 'n uiters billike prys beskikbaar by die Inligtingsburo in die Studentesentrum en by die Konservatorium.



• Alta van der Werken en Thea Cloete tydens Seniorprogramaand. (Foto: Frik Schoeman)

Cloete en Swanepoel se nuwe bundels bekendgestel

Prof T T Cloete se debuutbundel *Angelliera*

Bedeling vir onderwys

DIE Christelike Opvoedkundevereniging van Suid-Afrika (COVSA) hou Saterdag 17 Januarie se jaarkongres by die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Die tema van die kongres handel oor die nuwe grondwetlike bedeling met betrekking tot die onderwys. Prof B C Schutte, bekende opvoedkundige aan die PU vir CHO, sal by 'n oop sessie van die kongres om 09h00 'n referaat lewer oor die lewensbeskouslike differensiasie van die onderwys in 'n moontlike nuwe grondwetlike bedeling.

Die kongres word in kamer 300 van die J. Chris Coetzee-gebou op die kampus gehou en alle belangstellendes is genooi om die ope sessie by te woon.

is op Vrydag 31 Oktober 1980 luisterryk bekend gestel. Minder as 'n week later het die digter Jan Swanepoel se tweede bundel verskyn met die titel *Wat ver is en naby*.

Angelliera se bekendstelling het gepaard gegaan met 'n vertolkingsprogram onder leiding van Theunis Botha en Cobus van der Walt. 'n Trefende bekendstellingswoord deur dr Elize Botha van die Universiteit van Pretoria is gevolg deur die ewe knap voorstelling van gedigte uit *Angelliera* deur prof Theunis Botha, dr Bet Botha en Kristie Herbst. Thea Cloete het 'n aantal verse getoonset en tydens die geleentheid gesing.

Op Donderdag 6 November is Jan Swanepoel tuis verras deur lede van Skrywerskring, familie en vriende. Tydens die verrassingsgeleentheid het prof Cloete die bundel bekendgestel, waarna die eerste eksemplare van *Wat ver is en naby* aan die digter oorhandig is.

Beide die bundels verteenwoordig die beter poësie van die jaar 1980 en is by die plaaslike boekhandelaars verkrygbaar.

Filmresensie Seems like old times

— Rudolph Willense —

Seems like old times met Goldie Hawn, Charles Grodin en Chevy Chase is 'n lagprent. Realisties is die film uiters aardig.

'n Skrywer word deur twee boewe gedwing om 'n bank te beroof. Soos in alle komedies beland hy in moeilikhede van velelei aard.

Veral is moeilikheid voorspelbaar wanneer hy by sy vorige vroultjie — Goldie Hawn — om hulp aanklop. Tot frustrasie van haar huidige eggenoot, die staatsadvokaat, besluit sy, 'n advokaat, om hom in die hof te verdedig. Tydig en veral ontydig maak hy sy opwagting by

haar huis tot komplikasie van reeds bestaande chaos: motors wat gesteel word, 'n oormaat van honde en eienaardige werknemers.

Dinge word helaas uitgesorteer om weer in 'n oulike, dog voorspelbare slot van voor af te begin. Onnodige gevallery en dergelike clichés is daar natuurlik ook. "Seems like old times" is 'n tipiese Neil Simon-draaiboek. Hy is onder andere die skrywer van *California Suite* en *Chapter Two*.

Seems like old times is aan te beveel vir 'n aand se behoorlike lag.

Thea sing T T Cloete

TYDENS die Seniorprogramaand is Skrywerskring bekendgestel. By die geleentheid het Alta van der Werken en Thea Cloete verse van prof T T Cloete vertolk.

Thea Cloete het een van die verse in *Angelliera*, "Harba lori fa" getoonset en gesing.

Die toonsetting is verrassend fris en getuig van fyn aanvoeling vir die vers. Thea Cloete se vertolking het gesprek van beleving van die gedig.

'n Mens hoop om meer van die tipe musiek uit die pen van mej Cloete te hoor. Dit is moontlik die musiek wat aanklank by die Afrikaanse luisteraar en by name die student sal vind.

Skrywerskring hou op

Woensdag 18 Februarie sy eerste vergadering.

Tydens die vergadering sal lede se verse en prosa gelees, ontleed en bespreek word. Alle eerstejaars sowel as seniors word na die vergadering uitgenooi. Alle letterkunde-, kuns- en drama-studente behoort veral veel by die vereniging te baat. Persone wat belangstel om gedigte vir kritiek en bespreking voor te lê, kan dit nou reeds in busie 61 by die Inligtingskantoor afdra.

Amajuba-gedenkfees

Internasionale beeldhouer besoek Amajuba-feesviering

MICHAEL SUTTY, 'n internasionaal beroemde keramiek-beeldhouer en deskundige op die gebied van militêre uniforms, wat 'n opdrag voltooi het om 'n porseleinfiguur van 'n seëvierende Boereburger vir die eeufees van die slag van Amajuba te maak, sal Suid-Afrika in Februarie besoek. Hy sal die gedenkfees op 28 Februarie by Amajuba bywoon.

Hy het sy opvoeding aan 'n Benediktynse klooster in Engeland ontvang, en 'n kort rukkie in sy vader se motortoebehoesraak gewerk voordat hy besluit het om hom op sy natuurlike artistieke vermoëns toe te lê.

Sy eerste modelle het hy vroeg in die jare '60 geproduseer, en gespesialiseer in geskiedkundige en militêre figure van fyn beenderporselein vir privaatversamelaars.

Elke stuk gaan deur meer as tien stadiums van verwerking, van die oorspronklike ontwerp tot by die handmodellering, vorming en giet. Hierop word die stuk ses of sewe maal gebak voordat dit met die hand geskilder en verglans word.

Een van die eerste stukke waarmee Sully sy reputasie gevestig het, was 'n figuur van Richard I wat drie maal die uitreikingsprys in verkooplokale behaal het nog voordat die volle oplaag voltooi is.

Sully is 'n nougesette beeldhouer met 'n hartstog vir besonderhede, wat sy onderwerpe besonder nou-

keurig navors. Sy stel van figure van die Indiese leër, asook van dragonderregimente, word weens die byna ongelooflike anatomiese detail besonder hoog op prys gestel.

Op haar vyftigste verjaardag is koningin Elizabeth die beeldhouwerk, *The Charge of the Light Brigade*, aangebied, waaraan hy maande lank gewerk het.

Een van sy onlangse opdragte was die maak van 'n beeldjie om die Britse premier, mev Margaret Thatcher, se 21 jaar diens as lid van die parlement te gedenk.

Verskeie kunstenaars-vakmanne werk vir hom by die Porcelain Manufactory in Kent, en hy het onlangs sy eie kunsgalery in St James in Londen geopen.

SK SIER KINEROR
Today's best movie

KINE POTCHEFSTROOM
Tel 24540

Tye:

Maan - Don 14h00 - 20h00
Vry 14h00 - 17h30 - 20h30
Sat 10h00 - 14h00
13h30 - 20h30

KINE I

ANY WHICH WAY
YOU CAN
CLINT EASTWOOD

KINE II

MY BODYGUARD

Skrywerskring

Woensdag
18 Februarie

Ons ontmoet mekaar by die fontein
in die
Studentesentrum

ALMAL WELKOM

Eerstejaar beseer in moddergat

PROF Tjaart van der Walt het in 'n onderhoud met **Monitor** gesê hy is geskok oor die voorval waarin **George Gibbens (19)**, 'n eerstejaarsstudent, verlede Vrydagaand beseer is. Hy sê so 'n voorval kon enige plek gebeur het, selfs op die sportveld, daarom moet ons nie 'n negatiewe houding ten opsigte van oriëntering inslaan nie.

George het aan sy pa gesê dat hy 'n oordeelsfout begaan het toe hy in die vlak moddergat van ongeveer twee voet diep ingedui het, in plaas van deurgekruip het soos die eerstejaars voor hom.

Daar was onmiddellik mediese hulp, maar die ongeluk was ernstiger as wat aanvanklik vermoed is.

Mnr G S Gibbens, George se pa, het in dieselfde onderhoud gesê hulle is nie seker oor wat presies gebeur het nie. Hulle aanvaar dat dit 'n ongeluk is en sal later dieper ingaan op die saak.

'n Voorlopige ondersoek deur die kommissie wat bestaan uit prof J S du Plessis, vise-rektor; prof W E Scott, dekaan van die Regsfakulteit; prof J Ofermeier, direkteur van Kampus Mediese Dienste en Jan-Louis du Olooy, SSR-voorsitter, dui op geen nalatigheid aan die kant van die studente nie.

Mediese ondersoeke dui daarop dat George, wat 'n kranige sportman is, twee van sy nekwerwels en senuwees beseer het en waarskynlik nooit weer sal kan loop nie.

Frikkie van Niekerk, adjunk-voorsitter belas met oriëntering, sê George was 'n positiewe eerstejaar wat oriëntering geniet het. Hy was een van die voorbode in sy koshuis.

Daar word beraadslaag oor 'n fonds wat George in die toekoms sal help.

Woord

Vervolg van p.4

aanraking kom met die warm lug wat by die see in sirkulasie was, onverwagse en ongekende storms tot gevolg gehad.

Dus: Die dissipels was in groot gevaar. Asof dit nie genoeg was nie. Die see was in daardie dae simbool van demoniese magte, van hulle wat God teëstaan. (Vgl. Luk. 21:25).

Onthou u nog dat ek ten aanvang gesê het:

Die duiwel werk onophoudelik!

Sien u wat beplan die Satan? Die Koninkryk van God moet in sy voortgang gestuit word. Jesus moet saam met Sy dissipels in die dieptes van die see verdwyn. En moenie dink dat die strategie van Satan verander het nie. Ook vandag nog is hy daarop uit om u en my lewe in Christus te vernietig.

Jesus heers oor die natuurkragte:

Jesus beheers die situasie. Hy bewerk die uitkoms sodat die wind gaan lê en 'n spiegelgladde wateroppervlak rondom hulle sigbaar word. Daarom het u geen rede om te vrees nie.

Want: Nadat Jesus die duiwelse magte in hulle krag gestuit het, vra Hy aan die dissipels:

Waar is julle geloof?

Jesus verwyt nie, maar dring deur tot die kern van hulle vrees, nl. Hulle gebrek aan kinderlike vertroue.

Met hierdie vraag wil Jesus hulle geloofssoog wat gewyk het, weer in kinderlike vertroue op Hom vestig.

Is dit aan u onbekend? Nee! Want elke mens se lewe neig so maklik om in angstige twyfel te vervel. En dit ten spyte van wat Jesus vir ons verwerf het.

Weet dit: Jesus het nie net met mag die wind en die watergolwe, as middels in Satan se hand stil gemaak nie, Hy het Satan self stil gemaak aan die kruis op Golgota!

Jesus het oorwin en Satan is stil.

Dus: Soos Jesus met mag heers oor die wind en die watergolwe, só bewaar hy sy kinders in liefde.



● Die skaalmodel word beskou deur mnr Jan Zerwick, bouer; mnr Piet Prinsloo, departement van Geskiedenis van Vaalrivierse tak; prof T van der Walt, rektor; prof J S du Plessis, vise-rektor; en prof Piet van der Schuyff, departement Geskiedenis.

Amajubafees wil studente betrek

Dit is Februarie 1981. Die Puk herdenk die

slag van Amajuba en só bring ons hulde:

Op skaalmodel is met toepaslike kodes gebeurtenisse van 26 en 27 Februarie 1881, uitgebeeld. Hierop word die presiese liggings van die onderskeie kampe (Boere en Britte) aangedui. Dit gee ook die roete-opmars van Generaal Colley, die aanvalsroetes van die Boere en besonderhede oor die geveg op die kruin.

Daar word beoog om die skaalmodel so gou as moontlik na die Amajuba-terrein te verskuif, waar dit verder toegerus sal word met foto's, ensovoorts. Na verwagting sal dit 'n belangrike aantrekkingskrag word vir sowel toeriste as groepe skoliere.

Die doel van die hele projek is om studente meer bewus te maak van dié geskiedkundige gebeurtenis en hulle belangstelling sodanig aan te wakker.

ABKS kry Swart konsultant

DIE eerste Swart konsultant sal waarskynlik binne die volgende twee maande by die Adviesburo vir Klein Sakeondernemings (ABKS) aan die Potchefstroomse Universiteit aangestel word.

Dié nuwe konsultant se kantoor sal in Sebokeng by Vereeniging wees waar hy hoofsaaklik die dienste van die ABKS aan Swart sakemanne in die Vaaldriehoek beskikbaar sal stel.

Prof Jurgen Smith, Direkteur van die ABKS, sê daar is 'n geweldige behoefte vir adviesdienste onder die Swart sakelui in die Vaaldriehoek. Die feit dat 140 van hulle in November verledejaar 'n ABKS-kursus in Sebokeng bygewoon het, getuig hiervan.

Die aanstelling van die Swart konsultant sal 'n uitbreiding wees van die dienste wat die ABKS reeds aan Swart sakelui in die Vaaldriehoek en in die Wes-Transvaal bied. Benewens sy werk in die Vaaldriehoek sal die nuwe konsultant ook die

dienste van die ABKS aan Swart sakemanne in die Wes-Transvaal aanbied.

Die nuwe kantoor van die ABKS is moontlik gemaak deur skenkings wat die PU vir CHO ontvang het, hoofsaaklik een van die Voorsittersfonds van die Anglo American Korporasie en De Beers.

Alle studente wat belangstel om foto's van die ontheffingsdinee te bestel kan dit Maandag-aand vanaf 18h00 by die Wapadkantoor by Johan Victor doen. Foto's en negatiewe sal beskikbaar wees.

Sanet's Health Shop

- Gesondheidsvoedsels
 - Verslankingsmasjiene
 - Natuurlike skoonheidsmiddels
 - Dieetvoedsels
 - Homeopatiese middels
- Matherbeest 42
Telefoon 5444

guys & dolls

vat dit kop toe!



Kom ons stel jou voor aan 'n nuwe dimensie in haaropwring: UNI-PERM met pH-balans! Dit lyk nes natuurlike kruller! Geen kroes-en-knoop bossiekop nie! Nog goeie nuus van Guys & Dolls is lae, lae pryse net vir studente! Wees 'n IN-ding! Bly voor met die jongste haarmodes! Altyd tot u vriendelike diens! Die uwe,
GUYS & DOLLS Tomstr. 82, tel. 8071.

Vervolg van p.1

snoekertafels is beskadig deur studente wat in die donker snoeker gespeel het.

Aanbevelings

- Die duur en omvang van karnaval moet ingekort word.
- Die datum van karnaval moet verskuif word tot na die Aprilvakansie of Julievakansie sodat reëlings in die vakansie getref kan word.
- Die vlotbouery moet weg van die koshuise plaasvind, byvoorbeeld op die Fanie du Toit.
- Die karnavalkomitee

moet verkies in plaas van benoem word, sodat daar 'n groter mate van gelyke verteenwoordiging kan wees.

- Strenger beheer deur die SSR moet uitgeoefen word ten opsigte van drankmisbruik, uitspattighede, vandalisme, saakbeskadiging en kleredrag.
- Die studente moet bewus gemaak word van die opvoedingsdoel van karnaval.
- Studente is oorbewus van die studentekomponent in karnaval.
- Voorafgekeurde studente moet by die vlotbouery toegelaat word.
- Sekuriteitsdienste moet

die vlotte bewaak.

- 'n Kommissie moet aangestel word uit studente en personeel wat duidelike riglyne vir die toekoms neerlê.
- Aksies moet vooraf goedgekeur word en aksies met 'n gemeenskapsdiensmotief moet sterker beklemtoon word.
- Die inhoud van karnaval moet duideliker omlyn word.
- Sosiale aksies wat karnaval voorafgaan moet beperk word tot 'n week voor karnaval.
- Die biertuin moet weg van die kampus plaasvind.
- Die studentesentrum

moet beskerm word teen vandalisme.

- Die akademiese atmosfeer in koshuise moet bevorder word.
- Daar moet opgetree word teen drankmisbruikers en vandalisme.
- Eerstejaars mag nie gedwing word om deel te neem nie.
- 'n Skoonmaakkomitee moet opruiming doen direk na aksies.
- Karnaval is 'n omvattende kenmerk waardeer die gesinskarakter van ons universiteit bevorder kan word. Die karnavalplaas kan daartoe bydra dat die klem verskuif word vanaf 'n verdeelde koshuisegees na 'n Puk-gees.

die WAPAD



Oriëntering

Soos gewoonlik na oriëntering loop daar weer gerugte rond dat dit — veral na aanleiding van sekere ongelukkige voorvalle (soos dié van George Gibbens) — drasties ingekort gaan word.

Sulke gerugte moet nie sonder meer geglo word nie. Die prosedure is dat die verskillende oriënteringskomitees (SSR, Universiteit) 'n evaluering doen van oriëntering en dan met 'n verslag en aanbevelings kom. Eers wanneer dit oorweeg en aanvaar is, kan met sekerheid gesê word hoe oriëntering volgende jaar gaan lyk.

Mens kan aanvaar dat die volgende oorwegings aandag sal geniet in die verslae:

- Die (relatief min) aandag en tyd wat daar bestee word aan akademiese oriëntering.
- Of die toestand van fisiese uitgeputheid, veral tydens die tweede week, bevorderlik is in die tyd waarin die basis vir 'n akademiese loopbaan gelê moet word.
- Of die lengte van oriëntering bekostig kan word in die druk akademiese program wat die semesterstelsel meebring.
- Die uitkakeling van gesagsmisbruik, brutaliteit, belaglikmaking en afbreking van eerstejaars en die instelling van maatreëls waarin die basis van respek tot sy reg kom: Christelike optrede, akademiese ywer en die stel van 'n goeie voorbeeld.
- Die feit dat geestelike "oriëntering", waarskynlik skadeliker is as fisiese oriëntering, floreer vandat laasgenoemde in 1980 verbied is.
- Dat die onnodige en kunsmatige skeiding tussen eerstejaars en seniors verlamwend werk op 'n eenheidsgees.
- Of toestande toegelaat kan word waarin die geleentheid om menseleuens te knak, soos nou weer gebeur het, bestaan.


Die volgende aspekte behoort die basis van ware oriëntering te vorm:

- Die inlywing (en hartlike ontvangs) van 'n nuweling by die Universiteitsgesin.
- Die inskakeling van nuweling is by die akademiese lewe en gemeenskap.
- Die ontvangs en behandeling van nuweling as gaste.
- Die erkenning van nuweling se menswaardigheid, individualiteit en reg op eie mening en leefwyse.

HOOFREDAKTEUR: Izak Minnaar, Oude Molen no. 108, Molenstraat. Tel. 2-1576. **NUUSREDAKTEUR:** Hansie Vermeulen, Makoulei. Tel. 2-2229. **ADMINISTRATIEWE BESTUURDER:** Johan Myburg. Tel. 25481.

Boodskappe kan in bussie 13 by die Inligtingsburo in die Studentesentrum gepos word of gedurende kantoorure aan die Administratiewe Bestuurder, Kantoor G6 in die Studentesentrum, afgedra word.

Tye: Maan 10h30 — 12h00 en 13h30 — 18h00
Dins tot Don 13h30 — 16h30



Halt! Wagwoord asseblief!! (Daar is deur die Raad van die Universiteit besluit om strenger maatreëls toe te pas by die ingang na die Amajubaterrein).

Ongewensde optredes moeilik om te keer

— Zelda Nel —

"DIE PU vir CHO behou hom die reg voor om die aanbieding van enige program deur enigiemand in die auditorium te sensor of te verbied indien die program of dele van die program volgens die oordeel van die PU vir CHO ongewens, onweloweglik of onchristelik is. Die PU vir CHO is nie teenoor die huurder van die auditorium of teenoor enige persoon aanspreeklik vir enige geldelike verliese deur enigiemand gelyk as gevolg van die sensuur of verbod van enige aanbieding of program nie".

Só lui punt sestien van die voorwaardelike reglement wat elke huurder van die Puk se auditorium moet onderteken voordat die gebou verhuur mag word.

Op 'n onlangse personeelvergadering wat in die einste gebou gehou is, moes mnr H P Bütow, studenteadviseur vir kulturaangeleenthede, bontstaan onder die nartjies van ontevredenheid wat een van die Puk se personelede gegooi het aangaande 'n vertoning van Sonja Heroldt in die auditorium tydens die somerskool wat aan die universiteit aangebied is.

Dit het geblyk dat dit veral die „banaliteit" van die gaskunstenaar was wat aanleiding gegee het tot die betrokke persoon se misnoeë. Die vraag wat by hom opgekom het en seker by almal teenwoordig by die vergadering, was of die auditorium van die PU vir CHO veronderstel is om hom uit te leen aan hierdie soort vulgariteit by die kunstenaars wat optree, en of dit enigins verhoed kan word.

Wanfunksie

Mnr Bütow het dit sterk beklemtoon dat ondanks die feit dat die huurder van die auditorium genoemde reglement met sekere voorwaardes moet onderteken, daar nogtans wanfunksie plaasvind omdat die huurder en die kunstenaar selde dieselfde persoon is. Die kunstenaar is 'n individu en sy vertoning is iets baie persoonliks — daaraan kan geskaaf en gevl word tot op nommer 99. Om te verwag dat mnr Bütow op hoogte van alle nuwe verwikkelinge in die aanbieding moet bly, is baie onrealisties.

Dit gebeur dikwels (soos dit hier

ook die geval is) dat die bepaalde kunstenaars gehuur word en dat die persoon sy/haar eie gaskunstenaars en seremonie meester saambring. In só 'n geval is dit baie moeilik om kontrole uit te oefen oor die gaskunstenaar se benadering tot sy rol in die program. Hoewel hy nie deur die Puk gevra is om op te tree nie, neem die gehoor aan dat hy die verantwoordelikheid van die universiteit is.

Mnr Bütow het gesê wat verhoogspersoonlikhede soos Sonja Heroldt nie besef nie, is dat hierdie tipe gaskunstenaar geweldig afbreuk doen aan haar program en selfbeeld. Hy het ook persoonlik met haar geskakel in hierdie verband.

Wat die betrokke saak meer ingewikkeld maak, is dat daar nie 'n eis ingestel kan word met betrekking tot die oortreding van punt sestien in die reglement nie, want die Puk was self die huurder van die gebou.

Verskeidenheid

As studenteadviseur vir kulturaangeleenthede word daar van mnr Bütow verwag om in alle ouderdoms- en belangegroepes van die gemeenskap se smaak te voorsien. Daarom poog hy dan ook om die verskeidenheid baie groot te hou. Alles word in die gebou aangebied — van baie ligte vermaak tot simfoniekonserte. By die somerskool self was daar 'n optrede van die Baragwanath-hospitaalkoor, maar daar is besluit op Sonja Heroldt om ligte vermaak aan veral die jonger mense op die kursus te verskaf. Omdat sy reeds voorheen hier opgetree het, met 'n groot mate van sukses, was dit tog 'n goedgeмотiveerde keuse. Daar


kon egter nie rekening gehou word met die seremonie meester nie — Sonja sou haar eie keuse maak en die man se naam was twee dae voor die vertoning nog nie bekend nie.

Die feit wat 'n mens in die oë moet staar, is dat dit baie moeilik is om hierdie soort van onaangenaamhede van die verhoog af te hou. Geen kunstenaar gaan bereid wees om sy vertoning eers voor 'n keurder aan te bied en dan daarvolgens uit te vind of hy mag optree al dan nie. Dit is in baie gevalle prakties onuitvoerbaar omdat die gaskunstenaar onbekend bly tot 'n baie laat stadium.

Vulgariteit

Die probleem is dat wanneer die vulgariteit hom reeds tuisgemaak het in die ruimte waar die gehoor is, wanneer daardie woorde geuit is en die gebare gemaak is, is daar geen wyse hoegenaamd om die skade te herstel nie. As 'n volwasse gehoor behoort 'n mens tog in staat te wees om selektief te werk te gaan en nie aanstoot oor sekere uittreksels van 'n program te neem nie.

Mnr Bütow het verwys na 'n vorige Heroldt-vertoning waarin Anton Goosen ook opgetree het. Mnr Goosen het begin om 'n paar grappe te vertel wat definitief as „onder die belt" geklassifiseer kan word. Die studente in die gehoor het hom gou die swye opgelê met die gebruklike ge-„sssss!" 'n Kunstenaar se hoofdoel is tog om tot vermaak van sy gehoor te wees. Wanneer hy nie daarin slaag nie, is dit 'n klap deur die gesig. Daarom lê dit ten volle in die mag van die gehoor om die verhoogpersoon te laat besef dat sy vertolking in swak smaak val.



Luk. 8 : 22 - 39 Tekst: vers 25

„En Hy sê vir hulle, Waar is julle geloof — Maar hulle was bang en verwonderd en het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is?"

Die duiwel werk sonder ophou met die kind van die Here! Dit mag u, by alles wat u vanjaar moet onthou, nooit vergeet nie.

Want: Die duiwel wil koning wees van u lewe. In sy wedloop om die koningskap stel Satan alles in werking (vs. 23). En die rede hiervoor?

Sy grootste struikelblok is Jesus. Tog tree Jesus in Luk. 8:22 op eie inisiatief toe tot die stryd — tot behoud van u lewe!

'n Storm op die See van Galilea: Skaars was Jesus en Sy dissipels ter see, sê Lukas, of „daar kom 'n stormwind op die see af". Dit bevestig hoe goed Lukas die aardrykskundige toestande van Palestina geken het. Die dissipels kon as ervare vissers geen voorspelling waag nie, want:

Die see van Galilea word omring deur hoë berge. Koue lugstrome vanaf die Middellandse See, het wanneer dit in

(Vervolg op bl. 3)

Alabama se verhoogdekor loop deur

SKADE aan die Alabama-studentegroep se verhoogdekor is aangerig toe die ruimte-ruim in die auditorium om een of ander, tot op hede onverklaarbare rede, daarop neergesak het. Mnr Wessels, tegniese bestuurder van die auditorium en mnr Bütow, studente-adviseur van kultuuraangeleenthede, het aan Die Wapad gesê dat daar tans nog nie uitsluitel is oor die ware oorsaak van die voorval nie.

Hulle het dit egter beklemtoon dat die voorval nie plaasgevind het weens tegniese nalatigheid of onversorgdheid in die auditorium nie. Omdat die auditorium van die Puk nie die gebruiklike „toring” het waarop agtergrond-dekor vasgeheg kan word nie, word dit altyd vasgemaak aan die ruimte-ruim self. Net soos die hoofgordyn, werk hierdie ruimte-ruim ook met 'n elektriese motor. Die raam het nie meteens neergetuimel soos wat baie verkeerd dink nie, maar stadig neergesak met die hulp van die motor. Die moontlikheid bestaan wel dat dit 'n tegniese fout kan wees.

Die skade wat aan die dekor van Alabama aangerig is, was nie te ernstig nie en kon binne 'n paar uur herstel word. Daar is Donderdagaand twee vertonings gehou om al die Pukke die geleentheid te gee om seniorprogram-aand by te woon.

Die „nadoode onder-soek” behoort interessante feite op te lewer wat dan volgende week gepubliseer sal word.



Prof Tjaart van der Walt en mnr Trevor Weitz van Potch Motors oorhandig die motor aan Rudolf Burger, Karnavalvoorsitter 1981.

SGD
Fluks
werksaam
op
verskeie
terreine

Akademie Raad wil gesels

DIE Akademie Raad het in 1979 volgens 'n nuwe struktuur begin funksioneer. Sedertdien is nog wysigings aangebring ten einde die struktuur te laat werk. Die wysigings het egter nie ingrypende veranderinge in die gedagte agter die nuwe stelsel teweeg gebring nie.

Die probleem waarvoor die Akademie Raad te staan kom, is dat daar 'n kommunikasie-gaping tussen student en dosent is. So bestaan daar net eenrigtingkommunikasie vanaf dosent na student en kry die dosent geen terugvoer van die student af nie. Terselfdertyd het die student nie ten volle betrokke geraak by sy studies nie.

Om die probleem te oorbrug, het die Akademie Raad die stelsel van klasverteenvoordigers ontwerp. Die stelsel is daarop gerig om 'n tweerigting-kommunikasie

siekanaal te skep. Daar-deur word dit vir 'n student moontlik om sy/haar dosent maklik te bereik en vice versa.

Die hele stelsel berus egter op die veronderstelling dat studente wel be-

kommerd is oor hulle studies en daarby betrokke wil wees. Dit is dus van belang dat studente die stelsel sal gebruik. Sonder die samewerking van student en dosent is die stelsel van die begin af ge-

doem tot mislukking.

Alhoewel die stelsel dus onbekend en ingewikkeld is, is dit die taak van elke student wat ernstig is oor sy/haar studies, om die Akademie Raad te help om die stelsel te laat werk.

SUCA beplan vir jaar wat voorlê

AAN die einde van Januarie 1981 het die Student Union for Christian Action (SUCA) 'n kamp gehou. Volgens sy grondslag is SUCA 'n organisasie waarin Christen-studente hulle verantwoordelikheid in die Suid-Afrikaanse samelewing wil uitleef. In hierdie uitleef van die verantwoordelikheid word die klem op

betrokkenheid en aksie gelê. Die lede glo dat hulle as Christene aktief betrokke moet wees in die samelewing waarin hulle staan.

Volgens Nico Lemmer, die voorsitter van die plaaslike SUCA-tak, lê die uniekheid van SUCA daarin dat Christene van alle volks-, en rasse-groepe saam besin oor hulle betrokkenheid in die wê-

reld. Op dié manier kan 'n lewende getuigenis deur Christene in en vir die land gelewer word.

SUCA, wat in Julie 1980 sy beslag gekry het, het gedurende die kamp beplan vir die jaar wat voorlê. Die organisasie is nog besig om homself te oriënteer wat sy funksie en plek in die Suid-Afrikaanse samelewing betref. Gedurende die vierdaagse kamp is daar hard gewerk om beslag te gee aan die funksionering van die organisasie op nasionale, plaaslike en streeksvlak. Gedurende die kamp is daar ook tot die besef gekom dat die strategie van die organisasie moet verander. Daar sal in die toekoms nie meer op konferensies, aktuele vraagstukke bespreek word nie, maar die klem sal val op werkskongresse. Die hoofklem sal ook op die plaaslike selle val. As sogenaamde „fellowships” sal hulle 'n aksiebron van die werksaamhede wees.

Volgens persone wat die kamp bygewoon het, was daar heelwat verskille onder die verskillende groepe. Ten spyte van hierdie verskille is daar tog tot die besef gekom dat daar 'n dieper eenheid in die gemeenskaplike Christelike geloof te vinde is.

DIE swart gemeenskappe rondom Potchefstroom het groot behoefte aan gemeenskapdienste op alle terreine. Aan hierdie behoefte is daar nog kwalik geraak. Die dienste wat op die oomblik deur SGD aangebied word, is baie beperk. SGD het egter heelwat uitgebrei. Moontlikhede vir die lewering van dienste is onbeperk. In Ikageng word daar hulp verskaf aan skoolkinders en aan volwassenes met skoolvakke. Vakke wat aangebied is, is Afrikaans, Engels, Biologie, Wiskunde, Natuurwetenskap en Aardrykskunde. Daar is nog steeds vakke en leerkragte in aanvraag. By die skole in Ikageng word daar ook gehelp met sportafrigting. 'n Verskeidenheid sportsoorte soos atletiek, sokker en netbal word afgerig.

Hoewel SGD al goeie werk gedoen het met hierdie projekte en ook stewige bande gebou het, is daar nog heelwat werk wat gedoen kan word. Behalwe die uitbreidings in die staande projekte, is daar nog ander terreine soos die sosiaal-maatskaplike (huweliksvoorgelting, gesinsorg, beroepskeuse ens), die kulturele (toneelopvoerings, musiekklassie, debatsgesprekke ens) en die terrein van die nywerheid.

Benewens die swart gemeenskap in Ikageng, is daar nog heelwat gemeenskappe buite Ikageng op plase. Hier konsentreer SGD op die plaasskole. Op die oomblik word daar net hulp met die afrigting van sport verskaf. Daar is onlangs 'n groot atletiek-byeenkoms van plaasskole gehou waarop honderde kinders teenwoordig was. Daar is egter nog groot behoefte aan afrigters in alle sportsoorte en fasiliteite.

Somerskool: SGD word bedank

DIE Somerskool wat deur SGD gedurende Desember 1980 aan onderwysers van Ikageng en die plaasskole aangebied is, was 'n groot sukses. Alhoewel dit 'n somerskool aan onderwysers was, het die lesings en besprekings 'n wye spektrum gedek. Daar is opknappingskursusse in skoolvakke aangebied, lesings oor aktuele sake gegee en leiding gegee in die afrigting van sport.

Die persoon wat aan die leiding van die projek gestaan het, Nico le Roux, het dit as 'n grootse gebeurtenis beskryf waartydens kontak opgebou is, vertroue gewen en inligting uitgeruil is met die onderwysers van die swart skole. Wat die sukses van die projek meer sprekend maak, is die reaksie wat vanaf die onderwysers self gekom het. Briewe wat getuig van hul opregte dank en vriendskap het by die SGD-kantoor ingestroom. So skryf een: „Ek wil net baie dankie sê aan SGD dat hulle vir ons so 'n kamp aangebied het. Ons het baie geleer en ek wens die tyd sou nie so kort gewees het nie”. „Wat ek nou weer wil vra is dat die kamp nie net vir hierdie jaar 1980 sou wees nie. Dit moet voortgaan in die toekoms en vir al die jare. En die SGD moet nooit vir ons vergeet nie”.

Nog 'n onderwyser skryf: „I hereby express

my thanks towards you people in connection with the teachers camp held at Zeerust. I enjoyed every moment which passed. The lessons taught were of great value to us. We have not ceased to talk about all that was going on that end...”. „I also invite you at our school (Vyfhoek) and my Church to help with whatever you wish to help. Our farm schools need you. With the guiding light you have, many lives can be bright”.

Beter getuigenis van die sukses van die kamp, kan nie gekry word nie. SGD beplan om op hierdie sukses voort te bou. Daar word nie net gedink aan 'n herhaling en uitbreiding van die somerskool nie, maar ook aan 'n winterskool gedurende die wintervakansie. SGD hoop om op hierdie manier ook sy bande stewig op te bou met die swart gemeenskappe rondom hom.

Min weet van boekwinkel

„'n Tweedehandse boekwinkel? Op die Puk? Nooit! Ag, sê my waar, toe?”

Woorde soos dié laat dit baie duidelik blyk dat min studente (veral eerste- en tweedejaars) bewus is van die feit dat die Puk oor sy eie tweedehandse boekwinkel beskik.

Dié plekkie is geleë by die Studenteraadskantore en is oop vanaf 08h00 tot 12h15. Boeke kan of gekoop of verkoop word.

Op die oomblik is daar 'n tekort aan boeke — veral op eerstejaarsvlak. Die boeke word verkoop teen twee derdes van die

oorspronklike bedrag. Daarna word 10% afgetrek vir hanteringskoste, wat na die SSR gaan.

Die eienaars van boeke ontvang 'n tjek wanneer hulle boeke verkoop is. Daar word egter 'n beroep op studente gedoen om, indien hulle boeke ná twee jaar nog nie verkoop is nie, dit weer te gaan haal. So nie, gaar daar baie boeke op wat nie meer gedruk word nie en reeds uit sirkulasie is.

CHARLENE LE RICHE Beauty Clinic/Skoonheidskliniek

Cidesco, S.A.I.H.B.Th

BEHANDELINGS

- *Velbehandeling
- *Franse velafskilfering
- *Verjonging en serumbehandeling
- *Spesiale koringkiemmasker
- *Verjongde H.T. masker
- *Velanalise en grimering
- *Kleuring van wenkbroue en oogwinpers
- *Manikuur
- *Pedikuur
- *Verwydering van gesigs- en beenhare
- *G 5 verslankingsmasjien

LEWIS ARCADE. KERKSTREET, POTCHEFSTROOM

TEL.: 5581

GRIMERING

- *Grimering
- *Bruidsgrimering
- *Gewone dag en aandgrimering
- *Fotografies
- *Modelgrimering
- *Korrektiewe grimering
- *Disco
- *Fantasie
- *Kamoeffleer
- *Verhoog en TV
- *Futuristies
- *ONS BIED SPESIALE TARIWE VIR STUDENTE**



'n Jaarlange kursus in skoonheidsterapie neem binnekort 'n aanvang. Skakel 5581 om 'n afspraak vir 'n onderhoud te reël.



Bussie 13
Studenteraad

DIE lengte van briewe word beperk tot 'n maksimum van 400 woorde.

Oop gesprekke noodsaaklik

Meneer,

IN die jaar 1980 het ons alreeds 'n aanduiding gekry van die politieke en ideologiese verskille wat daar onder die studente op die kampus bestaan. Met die stigting van Polstu en met die toenemende bedrywighede van die AWB word ons nou uiteindelik polities bewus en betrokke. Die jaar wat voorlê voorspel beslis toenemende aksie en interaksie. Dit is nou juis in hierdie verband wat ek een en ander wil kwytraak.

Die basis waarop ons aan die PU vir CHO alles wil doen, en dit mag nooit vir ons hol klink nie, is 'n Christelike basis — selfs as ons politiek wil bedryf. Daarom sal ons politiek altyd verantwoordelik en wetenskaplik bedryf word en sal ons ons nie laat meesleure deur 'n politieke se opsweepraatjies nie.

Ons sal ons ook altyd deeglik vergewis van ons en van die ander persoon se standpunt, sodat ons nie ons eie namaaksel in plaas van die teenstander sal bestry nie.

'Gesien die polarisasie onder die Afrikanergeleedere wat enige patriot se hare behoort te laat rys, is die noodsaaklikheid van kontak in die vorm van 'n oop gesprek onmisbaar. Met „oop gesprek” word hier nie bedoel 'n gesprek waarin elkeen sy diepste gelowe en intensies op die tafel lê, sodat 'n ware oop interaksie kan plaasvind.

Hierdie soort gesprek behoort hierdie jaar op die kampus tussen die verskillende groepe plaas te vind. As Christene is dit

die minste wat van ons verwag word dat ons oop en eerlik met mekaar sal gesels, sodat ons ook in ons studente- en ideologiese gestalte kan gee aan die eenheid van die liggaam van Christus. Ons is immers 'n Christelike Universiteitsgesin.

Die moontlikheid is groot dat ons hierdie jaar al verder van mekaar sal dryf en dat ons ons vertrouwe in mekaar sal verloor. Daarom is dit be-

langrik dat ons sal begin onderskei wat vir ons meer en wat vir ons minder belangrik is. Is ons politieke en ideologiese opvattinge vir ons so belangrik dat ons net ter wille daarvan in ons politieke bootjies gaan wegvaar, of is dit vir ons belangriker om as Christene één getuigenis te lewer in die situasie waarin ons leef?

D Postma

Geen bewyse
vir die
beledigings

Meneer,

AS ware Pukke het die redaksie van Pukkies '81 gevoel dat hulle net so 'n paar woorde moet sê oor die negatiewe resensie wat die Pukkies in die Herald te beurt geval het.

Die redaksie was by die Herald en ons het werklik

probeer om die saak te stel — sonder sukses.

Vir ons bly dit onbegryplik dat die Pukkies so 'n swak resensie gekry het. Vir al die beledigings in die resensie, is daar geen bewyse of motivering nie. Dit is moeilik om te begryp waarom 'n studenteblad soveel skade berokken moet word.

Al wat ons kan sê is: „Pukke, ons weet wat ons weet! As ons na al die positiewe kritiek en komplimente luister, is dit duidelik dat daar weinig is wat saam met die Herald stem”.

Enige persoon wat of in die Wapad of in die Herald kommentaar oor hierdie saak wil lewer, is welkom om dit te doen.

Die Pukkies-Redaksie

Berigte berokken
Universiteit skade

Meneer,

Weet u watter skade berokken u die Universiteit met die plasing van sulke berigte? (Eerstejaars sê ja vir gemengde koshuise, Die Wapad, 6 Februarie 1981). Hierdie blad word nie net op Potchefstroom gelees nie, maar ook buite ons dorp en dit skep onmiddellik 'n bitter smaak. En tereg ook. As dit die kaliber eerstejaars is wat ons het, kan ons hulle gerus huis toe stuur, want hoe sal dit op die universiteit wees as hulle seniors is?!!!

Mej F H Duvenage

Lammergevolge gaan te erg wees!

Meneer,

EK verwys na die artikel „Eerstejaars sê ja vir gemengde koshuise”, van 6 Februarie 1981.

Mag ek begin met 'n mosie van wantroue in die sogenaamde „Volksraad” van die Politiese Raad, veral as hulle sulke wetgewing wil deurvoer soos in die gemelde artikel, met inagneming van die berig op p. 5.

Ons behoort trots te wees op ons Alma Mater. Ons skryf agter die PU 'n CHO — waarvoor? Ek dink dit het tyd geword dat ons besin oor die CHO — is ons studente nog bereid om die CHO as van van die universiteit te erken of nie? Sê ons nee — skaf dit asseblief af! Dan kan ons sê ons het 'n „vrye” universiteit. Sê ons egter ja — dan moet ons besin oor die Christelikeheid van ons Universiteit. (Wat van 'n „Volksraadsitting” oor die aktualiteit van die CHO?)

In die berig vereenselwig ek myself met die standpunt van Connie Jacobs.

Aan „minister” Werner Eksteen wil ek die volgende vrae vra:

U sê dat die geskiedenis klem gelê het op geslagsapartheid... goed en wel — maar het God nie ook met die skepping die klem op geslagsapartheid gelê nie — en reg deur die Bybel die verskil beklemtoon en alle onkuise daade afgewys? ... en die praktyk het tog al bewys dat dit verkeerd is. Wat is die „dit” wat verkeerd is — dat klem gelê word op geslagsapartheid? Dat die mens en dier so geskape is? Hoe gaan mens die korrupte seksuele wêreld oortuig dat dit verkeerd is om die klem op geslagsverskille te lê? Verder — hoe het die seksuele wêreld (in die geskiedenis) bewys dat dit verkeerd is om die klem op geslagsverskil te lê?

Hoewel die universiteit 'n naskoolse instelling is — blyk dit nogtans dat studente nie vir hulleself kan dink nie (m.i.) n.a.v. die berig dat eerstejaars (!) wel vir sulke koshuise gestem het.

Ek erken — ramme en ooe skei hulself nie in die

natuur nie — maar hulle het ook nie 'n siel of gewete nie, en daar is nie die huwelik ingestel vir hulle soos vir die mens nie. En daar is gereeld elke ses maande 'n goeie klompie lammertjies... kan ons die mens vergelyk met die redelose dier?

Ek stem saam met die „minister” — gedwonge geslagsapartheid (soos in militêre kampe en mynkampings) kan lei tot of homoseksualiteit stimuleer — maar nie hier op universiteit waar ons saam klasdra, aan verenigings behoort, sport beoefen. Ons slaap net nie saam nie (behoort nie).

Die gesinslewe — in Wetenskapsleer leer ons dat daar eers 'n gesin is as daar „lammertjies” by die huwelik gevoeg word.

Hoe sal dit die wisselwerking tussen mans en dames op godsdienstige en politieke terreine bevorder as hulle in dieselfde gebou slaap? Die

res van die dag leef mans en dames tog saam!

Om gemengde koshuise te implementeer, gaan moeilik wees (hopelik — afhangende of die studente nog 'n skaamtegevoel het, al dan nie). Hoe sal die badkamers ingerig word, waskamergeriewe, afbakening van kamers, indien enige?

Sal dit nie „diskriminasie” wees as die mans 'n sekere badkamer mag gebruik en die dames nie? Of sal elke kamer sy eie badkamer hê (soos 'n woonstel) en sodoende die boukoste so verhoog dat die universiteitsowerhede die koste sal oordra na die studente? As die studentemans dan so 'n behoefte het om langs 'n dameskamer te slaap (en omgekeer) in dieselfde gebou — laat elkeen 'n woonstel op die Bult huur — en die probleem is opgelos. Dan straal die Puk nie 'n deurmekaarslaapbeeld na buite uit nie.

Bewys dan dat in gemengde koshuise die klem gelê sal word op kommunikasie, nie op integrasie (m.a.w. seksualiteit) nie, en ek dink ons sal sulke koshuise kan verwag — sonder lammergevolge!

Hennie van Wyk

Sluiting grief inwoners

Meneer,

AS oud-Thaba-Jäher wil ek graag kritiek aanteken na aanleiding van die omstandighede rondom die sluiting van ons koshuis laasjaar.

Ek besef die koshuis was reeds oud en in 'n mate van verval, maar niemand sal my kan sê dat die koshuis nie nog 'n jaar langer oop gehou kon word nie. Dit sou beteken het dat meer as tagtig van die studente wat tans in die administrasiegebou in linnekamers — drie-drie (of selfs meer) — in 'n kamer bly, of wat nog plek

soek, gehuisves sou kon word. In 'n petisie teen die sluiting van Thaba Jäher wat ons onderteken het, het ons genoem dat daar hierdie jaar 'n huisvestingsprobleem sou wees.

Nog 'n saak wat baie oud-inwoners omkrap het, was die feit dat ons nooit amptelik in kennis gestel is van die sluiting nie. Tot selfs na die verstrykdatum van die betalings van koshuisdeposito's, was ons hieroor nog in die duister en moes ons telkens net gevolgtrekkings maak op gerugte wat meestal vals was.

As 'n slotgedagte wil ek net noem dat ons tans oor die hele kampus verstrooi is. Ek kan verstaan dat ons nie almal in één koshuis geplaas kon word nie, maar die feit dat die meeste van ons wat wel in dieselfde koshuis geplaas is, almal in verskillende gange en kamers geplaas is, is effens griewend. Ek besef dat die idee hieragter is om ons oud-eenhedsgevoel af te breek. Ons besef egter self ook wel dat dit ons plig en taak is, om so gou moontlik ons gewig en loyaliteit ten volle agter ons nuwe „huis” in te gooi. Onder tussen verlang ons net begrip van ons mede-koshuisinwoners vir ons posisie.

Oud-Thaba Jäher

Eerstejaar presteer

OM 'n eerstejaar te wees en boonop op akademiese gebied te presteer, is 'n altyd so maklik nie. Dat dit egter wêreldgedoen kan word, is verlede jaar deur Jerimie Venter, 'n ingenieurstudent, bewys.

Jerimie, 'n Makouvieier, het buitengewoon goed presteer tydens die eindseksamen verlede jaar. Om vir vakke soos Wiskunde en Toegepaste Wiskunde 'n gemiddeld van 99% te behaal, wil gedoen wees.

In Chemie sowel as Fisika het Jerimie ook 'n gemiddeld van in die negentig persent behaal. Vir sy twee tekenvakke het hy onderskeidelik 82% en 85% behaal.



N.G. Kerkboekhandel
Tvl.

Vir al u skryfbehoeftes, teologiese en ander voorgeskrewe boeke.


Tomstraat 98 — Tel: 7401

Credo
Juweliers/Jewellers
GROOTHANDELPRIJSE!!!

★ Kies u eie diamant en sit dit in 'n ring van u keuse (handgemaak).

★ Groot verskeidenheid juweliersware.
— HORLOSIES — ARMBANDE —
— PIERLS — HANGERTJES —
— OORKRABBERTJES — SIER-
— RINGE — KETTINKIES.

* 'n Diamant vandag is 'n belegging vir môre!



Lewis Dourloop/Arcade, Kerkstraat 133 Church Street,
POTCHEFSTROOM, 2620. Tel. 2-1885.




● Wat's my naam? Wat swot ek? My kamernommer? My kar se registrasienommer? My meisie se naam? My ...



● "Maar ou meneer, stay just a little bit longer!"



● Jammer meneer Du Plooy, jou tyd is verby!



● As uit die blik!




● Skrikwekkende hoogtes is vir die adders van Makouplei nie te erg nie.




● Menere, die nuwe Hk van Over de Voor is



● Drink 'n bietjie van die grootwoordgoed, Door!



● Oriëntering is soms 'n morsige spul.



● en 'n vreesagtige gespook.



PU-Skietklub gaan studente leer om hulself te help

DIE Skietklub bied Saterdag 14 Februarie hul eerste skietoefening vir eerstejaars en ander belangstellendes aan.

By die eerste oefening sal daar meer na die veil-

lige hanterings van die vuurwapens gekyk word. Die skietklub verskaf vuurwapens aan studente wat nie hulle eie wapens besit nie. Dames is ook welkom. Ander belangstellendes wat nie by die

oefening kan wees nie, moet vorms by bussie 143 afhaal en weer die voltooide vorms by dieselfde bussie pos.

Inligting in verband met vuurwapens, byvoorbeeld die koop daarvan, sal aan

studente verskaf word. Navrae kan by Boats Botha of Chris Boshof gedoen word. Hulle kan ook genader word indien studente vuurwapens wil uittoets.

Boats Botha het dit duidelik gestel dat die skietklub nie besig is met skyfskiet nie, maar wel met 'n vorm van selfverdediging. Die skietklub koop nie ammunisie nie, maar maak gebruik van herlaai-toestelle om patrone te maak.

Die skietklub oefen reeds vir die intervarsity teen Kopsies. Daar sal ook kompetisies teen die Potchefstroomse skietklub gehou word.

Vervoer word na die skietterrein verskaf en almal moet Saterdagoggend 07h00 by die skaakbord in die Studentesentrum bymekaar kom.



● Die krieketklub het ook hulle deel van die eerstejaarsoes gekry. Hier is provinsiale-skolekrieketspelers afgeneem. Op die foto is G Gibbens, D van Zyl, L Coetzee en P Kukuk.

Min Pukke, baie woema

TYDENS die Krönenbrau-atletiekbyeenkoms verlede Woensdagaand het die Pukke goed presteer. Net 'n paar uitsoekitems het plaasgevind.

Innes van Rooyen het die 100 m vir mans in 'n baie goeie tyd van 10,8 sekondes gewen en sodoende met ander topatlete afgereken. Fanie Campher was tweede in die verspring met 'n sprong van oor die 7 m. Net die Springbok Johan van der Merwe kon hom klop. In die 110-m-hekkies het André Nel tweede geëindig na Pierre Spies met 'n tyd van 14,2 sekondes.

Piet Goosen het die skyfwerp met 'n pragafstand van 62,72 m gewen. Die poging het vir Piet 1 068 punte volgens die internasionale puntetabel beteken en hom derde op die Suid-Afrikaanse ranglys vir atlete geplaas. Van die dames het Susan Lion-Cachet die spiesgooi gewen met 'n afstand van 49,52 m.

Die beste mans- en damesatleet van die aand is aangewys. Ilse de Kock, die beste damesatleet, het 'n T-hempie van Vergeet-my-Nie ontvang. Piet Goosen, die beste mansatleet, het 'n T-hempie van Amajuba ontvang. Dit was deel van dié twee koshuise se karnavalset.

Pukke presteer tydens SAU kampioenskappe

— Griet Gräbe —

DIE afgelope Desember vakansie het verskeie Puk-sportspanne aan die Suid-Afrikaanse Universiteite-kompetisies deelgeneem en baie goed gevaar.

By die krieket SAU-kampioenskappe het die Puk se krieketspan 'n vyfde plek uit tien universiteite behaal. Twee kwaai wedstryde teen Tukkies en Kopsies het onbeslis geëindig. Teen Ikeys verloor die Pukke met agt paaltjies en teen UPE verloor hulle met 42 lopies. Teen RAU wen die Pukke met 7 paaltjies. Individuele prestasies is gelewer deur Etienne van Wyk wat as kaptein van die SAU-B-span aangewys is. Tjaart Marais is ook in die B-span ingesluit.

Die swem SAU-kampioenskappe het ook goed afgeloop. Die mans Pukspan het vierde uit nege universiteite geëindig en die damespan was agste. Eben Pienaar wat in drie items goue medaljes gewen het, is ook gekies vir die SAU-span. Die Puk dames-onderwaterhokkie span het derde geëindig tydens hulle kampioen-

skappe.


Fanie Campher het groot opslae gemaak by die tennis SAU-kampioenskappe toe hy amper vir Paul Avis geklop het. Die Puk se manspan was derde en as in ag geneem word dat die Pukke in 1979 laaste was, is dit 'n baie goeie prestasie. Die dames was agste. Fanie Campher is by die SAU-span ingesluit.

By die Dalrymple Atletiek-kampioenskappe het ons atlete weer die Puk se naam hoog gehou. Eerste plekke is deur Piet Goosen in die skyfwerp behaal met 'n afstand van 56,72m. Jurie van der Walt het die 110m hekkies gewen in 13,90s. Die mans aflosspan het ook gewen in 'n tyd van 41,2s. Van die dames het Leonie Smit die 400m hekkies gewen in 'n tyd van 59,23s en Susan Lion-Cachet het die spiesgooi gewen met 'n afstand van 50,18m. Ander atlete het ook goed presteer.

Die mans was tweede in die spankompetisie en die dames vierde.

Die volgende atlete het SAU-atletiekkleure ontvang: Piet Goosen, Jurie van der Walt, Cilliers Botha, Gerald Grey, Chris-

to Swarts, Leonie Smit en Susan Lion-Cachet.



● Die eerstejaars het vanjaar 'n goedgekeurde oefenprogram van die Liggaamlike Opvoedkunde Departement gevolg. Verskillende programme is uitgewerk vir die verskillende grade van fiksheid van die eerstejaars. Op die foto is Overs se eerstejaars besig met vroegoggend oefeninge.

Karnaval gaan sport- en sportkompetisies aanbied wat al die Pukke by die karnavalaksies sal betrek. Daar sal verskeie sportsoorte op koshuisbasis plaasvind en tel vir punte.

Die sportafdeling tel 1 000 punte. Netbal, tennis, swem, rolbal (ook vir personeel en Rivierpukke), rugby en sokkerwedstryde gaan plaasvind. Hier kan die koshuise baie punte verdien.

By die sportafdeling is daar items vir die gewilliges van gees, maar nie van die vlees. Toutrek, drastoeel, kussingslaan, binnebandklouter en touklim maak deel hiervan uit.

Die prestige Uitnodigings-Aletiekbyeenkoms word ook as deel van Karnaval gereël. Die kaartjieverkope van die byeenkoms word aan die koshuise oorgelaat waarmee hulle ook punte vir Karnaval kan verdien. Agter op die kaartjies is 'n woordboukompetisie en die wenprys is 'n motor.

Swemgala

'n Swemgala wat deel van

Karnaval sal vorm, word Donderdag 18 Februarie gehou. Dit sal ook vir die oorkoepelende koshuissliga tel. Die begin reeds om 16h30.

Slegs 50-m-items sal plaasvind. Dit sluit items in al vier die slae in naamlik, rugslag, borsslag, vryslag en vlinderslag. Daar word ook 'n biërflos vir die mans gereël wat 'n bietjie opwindig sal veroorsaak. Die altyd-gewilde pajama-aflos word ook vir die dames gereël.

Voornemende swemmers moet by die Puk-swembad tydens sporttye aanmeld vir hulp en afrigting.

Standaardtoer

Die lekker sosiale fietstoer vir mans en dames, die Standaardfietstoer, begin vanjaar by Roodepoort. Die fietsryers moet hul eie fietse gebruik, van dikwiele tot 'n damesfiets.

Vrydag 13 Februarie vertrek hulle om 08h00 vanaf Roodepoort op die lang pad terug. Krugersdorp word deur die fietsryers binnegeval om reklame te maak vir Karnaval. Daarna vertrek hulle na Rand-

Kortsport

fontein en Westonaria. Die eerste dag se skofte word om 17h30 op Fochville afgesluit. Mens hoop net niks onvoorspelbaar gebeur op die dag van Vrydag die dertiende nie.

Saterdagoggend vertrek die fietsryers op hul laaste skof. Hulle stop vir middagete op Carletonville. Die eerste fietsryers behoort vanaf ongeveer 16h00 by die Fanie du Toit-sportterrein aan te kom. Die aand is daar 'n geselligheid vir hulle gereël.

Tye verander

Oefentye van die binne-muurse sportsoorte gaan moontlik verander word. 'n Finale aankondiging en kennisgewings sal deur mnr Piet Louw gedoen word.

Die snoekerkamer sal tydens karnaval van 18 tot 23 Februarie gesluit wees. Daar is gerugte dat

dit gesluit word omdat daar van die snoekerballe weggeraak het. Die binnemuurse hokkieliga vir mans begin Vrydag 13 Februarie om 18h00. Alle spanne moet vroegtydig kennis neem daarvan en ondersteuners is baie welkom om hulle spanne te kom aanmoedig.

'n Algemene jaarvergadering van die dameshokkieklub word Maandag 16 Februarie om 16h30 by die hokkievelde gehou. Daar word 'n beroep op al die hokkie-speelsters gedoen om die vergadering by te woon.

Mielielandtoer

Die Mielieland-fietstoer word as die prestigefietstoer van die Puk beskou. Dit is die professionele fietsryers wat aan dié wedren deelneem.

Hulle vertrek 12 Februarie om 08h00 vanaf Hartbeespoortdam en ry deur Broedersdroom en Hekpoort op pad na Rustenburg. Daar sal hulle die nag oorslaap en word deur die mense daar onthaal. Om 08h00 die volgende oggend vertrek die fietsryers vir hulle laaste skof. Derby en Ventersdorp sal met

die teenwoordigheid van die fietsryers vereer word, waarna hulle ook by die sportterrein verwelkom sal word.

Rofstoei

Die geveg der gevegte gaan tydens Karnaval hier op ons kampus plaasvind. Bul Hefer, die organiseerder van die toernooi, het 'n bulgeveg tussen die wêreldkampioen, Jan Wilkens en Dave Viking van Engeland gereël.

Buiten die belangrike geveg is daar ook nog drie ander voor-gevegte wat as aptytwekker vir die hoofgeveg sal dien. Die geveg begin Donderdag 19 Februarie om 17h30 wat die karnavalpret in volle swang sal laat begin. Die karnavalplaas open ook Donderdagaand.

Plekke kan by die Inligtingskantoor van die Studentesentrum bespreek word. Ringsitplekke is teen R4,00 per persoon beskikbaar en onbespreekte sitplekke teen R2,00. Die amptelike opening van Karnaval deur die Rektor begin om 17h20 en net daarna begin die eerste voor-geveg.